

1/4

DIE SUID AFRIKAAN

F van Zyl Slabbert

18 June 1991

Sanik Pangelicus wil nie meer spreek tot ons in Die Suid-Afrikaan nie. Dit verbaas nie heeltemaal nie. Die Hoogheilige noot waarop hy ingesit het, is hel op die stembande. 'n Spafraanse digtervriend Breyten se[^] : "Vir die[^] wat eenmaal Engele brood ge-eet het, smaak niks ooit weer lekker nie. Sanik lyk nog dik gevreet, en sy hande saf van vlerkies streel en dirigeer.

Moet se[^], dit sal ons armsaliges in hierdie eensame land oneindig help as 'n paar van ons net 'n flitsige wyle kan vertoef in daardie wonderlike plek waar Sanik Pangelicus met soveel klaarheid van insig sy Richterskaal telkens instel voordat hy 'n inventaris van ons onvoorstelbare boosheid kom maak.

Hoe raak sien hy nie, met eindelose ongeduld, die futiele pogings van ons scenariobouers en oorgangs teoritici wat aanmeekaarprobeer kers opsteek in die duisternis van ons verandering. Ek wonder net soms of die grenslose selfvertroue van utopiste, romantiese

revolusioneres en teleologiese pomp-joggies nie meer mense besmart en bedonner het, as diegene wat ten minste die voorbeeld van hulle foute het om te vermy nie. "Daar is geen land, so ver of woes gelee" as waar Sanik Pangelicus koorleier is nie.

Vraag vir ons bly net : As ons op die ashoop, keer op keer tot varsbloed die rowe afgeskerf het, jammer gesê het en gesolidariseer het bo verdienste en vermoë, en die lus uit ons belydenis verdamp het - wat dan ? Wat maak ons met onself in hierdie land waarin ons oorbly? Net hier slaan ou Sanik vas, streel sy vlerkies en sê : "Cheers-vir-eers". Hy's hier vir kla, nie vir vra.

Dieselfde noot slaan nou die aand op TV uit in die onderonsie tussen Joe Slovo en Ken Owen - 'n geval waar die regte styl met die verkeerde argument, die regte argument met die verkeerde styl raakgeloop het. Op 'n slag kan Owen hom nie bedwing nie, beduie na Slovo met die advies aan die gehoor : "If this lot take over, take your money and run". Herinner aan Alan Paton wat glo op 'n vraag - "Moet ons ry of moet ons bly", aan 'n privaatskool matriekklas sou gesê het : "If you love your family, leave, if you love your country, stay." Al twee voorbeelde is laagtepunte van liberale advies, en die gewers daarvan, nie waardig nie.

Ten eerste, vir wie is die ry of bly opsie 'n werklike keuse? Twee persent? Minder? Ten tweede, watter land kan oorleef as 98% van sy burgers geen keuse het as om hulle kinders en gesinne af te skeep nie? Ten derde en veral : Boedel oorgee of padgee

is die enigste voorland as jou waardes bedreig word. Is dit nie juis dan wanneer hulle getoets word nie?

Interresant die eenderheid van strategiese verlamming by die voorkamer liberaal en romantiese sosialis - die een van uit die sisteem; die ander daarbuite. Beide word lamgelê deur die barbarisme van die konflik. Die liberaal hoop wanhopig dat die Afrikaner tog op een of ander manier die draer van sy liberale waardes kan word, maar is nie so seker as hy oor die grensdraad van die sisteem kyk na die "masses" daar buite nie. Die sosialis gooi tou op oor die "people" of die "masses" se onvermoe om met 'n eenmalige purgerende oorgang die mag van die sisteem te breek. Beide vind dit onvoorstelbaar om sonder of mbv. die bestaande sisteem strukture die oorgang aan te pak en nuwes te skep. Nou besweer hulle by voorbaat die verwagte mislukkings van die konflik.

Maar, vir die groot meerderheid van ons, is dit nie waar die probleem lê nie, trouens so 'n banvloek definisie daarvan is 'n luukse wat slegs 'n paar bevoorregtes kan bekostig. Die res moet "willy-nilly" begin transformeer aan onderwys, gesondheid, welsyn, behuising, plaaslike gemeenskapstrukture. Hulle moet stoei met die teenstrydighede en spanning in die ekonomie en die politiek. Op een of ander manier moet die mal, blinde geweld bekamp word vir die eenvoudige rede dat niks anders ons te doen staan nie. Hier lê die roos en hier moet ons dans.

Feit is : Nadat Sanik Pangelicus sy laaste noot oor ons gefalsetto het; die ryers gery het en die res van ons gebly het,

sal dinge hier aangaan. Die Ysterkoei gaan nie net sweet nie, sy sal nog kalf ook. Nu en dan sal die blyers opkyk na die heuwel en sien hoe Lot se vrou met gesiglose soute¹ ons beweën. Maar daarna moet ons die brood op die tafel kry; die riool laat werk; busse laat ry en kinders by die skool kry.

Ek moet my Spafraanse vriend Breyten vra of hy nie sy konneksies wil gebruik om vir Sanik Pangelicus aan te raai om nie te gou weer op so 'n hoogheilige noot te kom insit op ons werf nie. Ons kan nie saamsing nie. Vir Ken Owen net dit : Moenie te omgekrap raak as die kinders skrik nie.

Aldus,

FLAUBERT DIE BARBAAR

(Flaubert)